

HOOFSTUK 10

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

2 Petrus is 'n egte brief, geskryf deur die apostel Petrus tussen 68-69 n.C. Hy het die brief as 'n geestelike testament gerig aan gelowiges in Klein-Asië wat waarskynlik in stedelike gebiede woonagtig was. In die stede van Klein-Asië was hulle blootgestel aan dwaalleraars wat onder Hellenistiese invloede 'n lewe van bandeloosheid verkondig het.

Petrus het die brief gestruktureer volgens die destydse Joods-Griekse briefvorm en verder by die antieke testamentgenre aangesluit. Uit 'n gedagtestruktuurontleding van die brief blyk dat die briefinhoud in die vorm van 'n ringkomposisie georden is, sodat die aanhef en die slot van die brief by mekaar aansluiting vind.

Op grond van 'n vergelyking van die aanhef van 1 Petrus en ander briewe van daardie tyd is dit duidelik dat daar in die aanhef van 2 Petrus nadruk gelê word op die frase ἐν ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου ἡμῶν. Hierdie frase hou verband met die kennis van die lesers deurdat dit verwys na hulle besit van inligting aangaande Jesus Christus. In die slot van die brief kom 'n feitlik soortgelyke frase voor, naamlik γνώσει τοῦ κυρίου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ. Ook laasgenoemde frase hou verband met die kennis wat die lesers het, en dui spesifiek op die verwerking van die inligting wat hulle besit. Dit blyk dat soortgelyke verwysings na die besit van inligting in bykans elke afdeling van die brief voorkom, tot so 'n mate dat dit 'n betekenisvolle element, 'n semantiese eenheid reg deur die brief vorm, waarna met reg verwys kan word as 'n *kenmotief*.

Hierdie kenmotief word gedra deur bepaalde woorde wat verspreid oor die brief voorkom en wat elk op een of ander manier verwys na die besit van inligting. Deur die betekenis waarvoor hierdie woorde gebruik word te definieer en hulle verband met die gedagte-eenhede waarin hulle voorkom, na te gaan, is vasgestel dat die kenmotief in die onderskeie gedagte-eenhede van die brief op verskillende maniere figureer.

1. Die kenmotief in die onderskeie gedagte-eenhede

Op bogenoemde wyse is vasgestel dat die kenmotief soos volg in die onderskeie gedagte-eenhede voorkom:

1.1 Die aanhef van die brief

In die aanhef van die brief (1:1-2) word die kenmotief gedra deur die woorde πίστιν en ἐπιγνώσει.

Met die woord πίστιν word die kenmotief met sowel die skrywer as die lesers in verband gebring deur te verwys na 'n stel aanvaarde geloofswaarhede wat hulle gemeenskaplik besit. Die geloofswaarhede is nie deur verdienste bekom nie maar deur Goddelike keuse en guns. Dit is waarhede wat lei tot 'n leefwyse wat volgens God se wil ingerig is en wat Christus van sy verlostes eis. In hierdie waarhede het die lesers en die apostels gemeenskaplike geloofsgrond (vergelyk hoofstuk 4 punt 6.3 en 6.4). Regdeur die brief dien hierdie gemeenskaplike geloofsgrond as fundering vir Petrus se aanmoediging van die lesers om nie die valse leraars na te volg nie (vergelyk hoofstuk 4, punt 3.2.2.4).

Met die woord ἐπιγνώσει in 1:2 verwys Petrus na 'n diepgaande kennis van en 'n persoonlike en innige verhouding met God die Vader en Jesus Christus. Petrus maak dit duidelik dat sodanige diepgaande kennis en persoonlike verhouding die bron is van waaruit en die middel waarmee die seëning van genade en vrede vermeerder word. Voorts is kennis van Jesus Christus die weg waarlangs God die Vader geken word (vergelyk hoofstuk 4 punt 5.2.2.2).

Die kenmotief beklee dus inderdaad 'n sentrale plek in die aanhef van die brief. Enersyds word daardeur beklemtoon dat die geloofswaarhede wat die lesers aanvaar, nie los van hulle leefwyse staan nie, maar dit juis rig. Andersyds word daarmee aangedui dat diepgaande kennis van God en Jesus Christus en 'n innige verhouding met Hom 'n instrument is waardeur bepaalde sake in mense se lewe bewerk word - in hierdie geval vermeerdering van genade en vrede.

1.2 Die kenmotief in die opsomming van die apostel se leer (1:3-11)

Die gedeelte waarin die apostel 'n opsomming van sy leer gee (1:3-11), word onderverdeel in 'n historiese gedeelte, 'n aanmoedigingsgedeelte en 'n eskatologiese gedeelte.

1.2.1 Die historiese gedeelte (1:3-4)

In die historiese gedeelte van die opsomming van die apostel se leer word die kenmotief gedra deur die woorde ἐπιγνώσεως en πάντα (in verwysing na πίστιν in 1:1).

Die woord ἐπιγνώσεως in 1:3 verwys na 'n diepgaande kennis en 'n innige persoonlike verhouding met Jesus Christus. Christus het die diepgaande kennis gebruik om aan die apostels al die geloofswaarhede te skenk wat nodig is om die ewige lewe te ontvang en om volgens God se wil te lewe (vergelyk hoofstuk 5 punte 1.2.2.1 en 4.1.4).

* Die diepgaande kennis bestaan daarin dat die apostels Jesus Christus ken as die Een wat hulle geroep het om van Hom te getuig. Die getuienis behels dat hulle die betekenis van Christus se verheerliking (waarvan hulle ooggetuies was) bekend moes maak (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.1.5).

* Verder bestaan die diepgaande kennis daarin dat die apostels Jesus Christus ken as die Een wat in sy heerlikheid kosbare beloftes vir die toekoms gegee het (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.1.6).

Deurdadig dat die apostels die diepgaande kennis wat hulle ontvang het, aan die lesers bekendgemaak het, het dit belangrike gevolge vir die lesers ingehou. Die lesers het naamlik in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom en het begin om die morele verdorwenheid te ontvlug (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.1.7).

1.2.2 Die etiese aanmoedigingsgedeelte (1:5-10)

In die etiese aanmoedigingsgedeelte word die kenmotief deur die woorde πίστει (1:5), γνῶσιν/γνώσει (1:5, 6), ἐπίγνωσιν (1:8), τυφλός (1:9), μουπάζων (1:9), λήθην (1:9), βεβαίαν (1:10) en ἐκλογήν (1:10) gedra.

Met πίστει in 1:5 verwys Petrus na 'n stel aanvaarde geloofswaarhede wat die lesers as 'n gronddeug ontvang het. Hy moedig sy lesers aan om by hierdie gronddeug ook ander deugde by te voeg ten einde te volhard in ontvlugting van die morele verdorwenheid. Hierdie aanmoediging fundeer hy in die verbondsverhouding waarin die lesers met God te staan gekom het (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.2.1).

Die eerste deug wat die lesers moet byvoeg (1:5, 6), is γνῶσις. Met γνῶσις verwys Petrus na die begripsvermoë van die lesers om aan die hand van dit wat hy in sy geestelike testament aan hulle bekend maak, die valse leraars te beoordeel. Die deugde wat in 1:5-7 genoem word, dien as opsomming van 'n lewe volgens God se wil. In hierdie opsomming neem die kenmotief 'n sentrale plek in deur die vooropstelling van die woorde πίστις en γνῶσις (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.2.1).

Petrus motiveer die lesers in die aanmoedigingsgedeelte tot 'n lewe volgens God se wil

* deur hulle daarop te wys dat sodanige lewe hulle ywerig sal maak om die diepgaande kennis (ἐπίγνωσις) van Jesus Christus na te jaag en as 'n persoonlike verhouding met Hom te ervaar (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.2.2.8);

* deur hulle te waarsku dat iemand wat nie so wil lewe nie, 'n totale (τυφλός) en ernstige (μουπάζων) onvermoë het om te verstaan watter eise 'n verbondsverhouding met God meebring en vergeet het (λήθην) dat Jesus Christus 'n radikale breuk met die ou lewe bewerk het, soos dit in die doop beteken is (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.2.2.9);

- * deur hulle daarop te wys dat hulle, as hulle lewe hulle roeping en uitverkiesing (ἐκλογὴν) bevestig (βεβαίαν), sonder struikeling die ewige koninkryk sal ingaan (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.2.2.10).

1.2.3 Die eskatologiese gedeelte (1:11)

In die eskatologiese gedeelte van die uiteensetting van die leer van die apostel kom geen woorde voor wat die kenmotief dra nie. Petrus bring egter die kenmotief na vore deur aan die lesers te verduidelik dat indien hulle die deugde (waaronder γνῶσις) by hulle geloof (πίστις) byvoeg, God ook uit genade die ingang in die ewige koninkryk vir hulle sal byvoeg.

1.2.4 Samevatting

In die opsomming van die leer van die apostel beklee die kenmotief beslis 'n sentrale plek. Petrus beklemtoon dat die aanvaarde geloofswaarhede wat hy aan die lesers verkondig, aan die apostels gegee is langs die weg van 'n diepgaande kennis van hulle Sender, Jesus Christus. Omdat die lesers hierdie aanvaarde geloofswaarhede van die apostels af ontvang het, het hulle in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom. Op grond van hierdie verbondsverhouding rus die verpligting op hulle om volgens God se wil te lewe - 'n verpligting wat onder meer behels dat hulle die leer met begripsvermoë sal kan toepas. Wie nie so wil lewe nie, openbaar 'n onvermoë om te verstaan wat die implikasies van 'n verbondsverhouding met God is. Die gevolg van 'n lewe volgens God se wil is dat die ywer om Christus beter te ken toeneem, dat die kennis van Christus as 'n persoonlike verhouding ervaar word en dat God uit genade toegang tot die ewige koninkryk skenk.

1.3 Die kenmotief in die doel van die skrywe (1:12-15; 3:1-2)

Die kenmotief in die doel van die skrywe word gedra deur die woorde ὑπομιμνήσκειν (1:12), εἰδότης (1:12), ἡγοῦμαι (1:13), ὑπομνήσει (1:13), διεγείρειν (1:13), εἰδώς (1:14), ἐδηλωσέν (1:14), διεγείρω (3:1), ὑπομνήσει (3:1), διάνοιαν (3:1) en μνησθῆναι (3:2).

Al dra die lesers deeglik kennis (εἰδότης) van die leer wat Petrus aan hulle verkondig, en al staan hulle vas in die evangelie, skryf hy die brief aan hulle om sorg te dra dat hulle daardie kennis weer uit die geheue sal terugroep (ὑπομιμνήσκειν) en opnuut daarvoor dink. Sodoende sal die valse leraars hulle nie van hulle standvastigheid kan ontnem nie (vergelyk hoofstuk 6 punt 5.1).

In die lig daarvan dat Christus aan Petrus bekend gemaak het (vergelyk εἰδώς en ἐδηλωσέν) dat sy dood voor hande is, skryf hy die brief as 'n geestelike testament aan sy lesers. In gehoorsaamheid aan sy Sender beskou (ἡγοῦμαι) hy dit as sy apostoliese plig om die lesers

sels na sy dood deur herinnering (ὁπομνήσει) geestelik op te wek (διεγείρειν). Omdat hy weet dat daar na sy dood valse leraars kom, wil hy sorg dat die apostoliese leer tot die beskikking van die gelowiges is sodat hulle dit altyd weer nuut voor oë sal hê (vergeelyk hoofstuk 6 punt 5.2 en 5.3).

Omdat Petrus weet dat die valse leraars wat kom, met God se oordeel die spot sal dryf, wek (διεγείρω) hy deur sy brief ernstige denke (διάνοιαν) by die lesers op. Hy wil naamlik hê dat hulle die Ou-Testamentiese profesieë aangaande spotters sal onthou en die gebod van die apostels uit die geheue sal oproep (μνησθῆναι). Petrus herinner hulle sodat hulle nie deur die spotters van stryk gebring sal word nie maar steeds 'n lewe volgens God se wil sal lei (vergeelyk hoofstuk 6 punt 5.4).

Dit blyk dus dat die kenmotief in die doel van die skrywe sentraal staan. Die apostel wil sorg dat die lesers die kennis (van sy leer) waaroor hulle reeds beskik, na sy dood uit die geheue sal oproep en nuut voor oë sal hou. Op hierdie wyse wil Petrus hulle geestelik opwek en ernstige denke by hulle wakker maak sodat hulle paraat kan wees teen die valse leraars/spotters wat kom.

1.4 Die kenmotief in die gesagsfundering van die apostels se leer (1:12-21)

In die gedeelte waarin Petrus die gesag van die apostels se leer fundeer, gebruik hy die woorde σεσοφισμένοις (1:16), ἐγνωρίσαμεν (1:16), εὐδοκήσα (1:17), βεβαίωτερον (1:19), προσέχοντες (1:19) en γινώσκοντες (1:20) om die kenmotief na vore te bring.

In hierdie gedagte-eenheid verwys Petrus die lesers na inligting aangaande die (weder-) koms van Christus wat die apostels aan hulle bekendgemaak het (ἐγνωρίσαμεν). Hy beklemtoon dat daardie inligting nie uit menslike vernuf (σεσοφισμένοις) voortkom nie maar 'n Goddelike oorsprong het. Die apostels het naamlik deur persoonlike waarneming van die verheerliking van Christus die inligting van God ontvang. Deur die verheerliking het God dit duidelik gemaak dat Hy Christus uitgekies het (εὐδοκήσα) as Wêreldheerser wat by sy magtige wederkoms die wêreld sal oordeel (vergeelyk hoofstuk 7 punte 4.1 en 4.2).

Verder fundeer Petrus die inligting wat die apostels bekendgemaak het in die profesieë van die Ou Testament - profesieë wat baie betroubaar is (βεβαίωτερον). Die lesers moet veral weet (γινώσκοντες) dat die inligting wat in die profesieë vervat is, 'n Goddelike oorsprong het. Indien die lesers noukeurig op hierdie profesieë ag gee (προσέχοντες), sal hulle kan vashou aan die inligting wat die apostels aan hulle bekend gemaak het. Sodoende sal hulle, te midde van die verwarring wat die valse leraars skep, lig hê totdat Christus by sy wederkoms aan elkeen die ware lig bring (vergeelyk hoofstuk 7 punt 4.3).

In gesagsfundering van die apostels se leer neem die kenmotief 'n belangrike plek in. Petrus benadruk dat die inligting aangaande die magtige (weder-)koms van Jesus Christus wat die apostels aan die lesers bekendgemaak het, van Goddelike oorsprong is. God het die inligting by die verheerliking aan die apostels geopenbaar en in die profesieë van die Ou Testament, wat baie vas is, bevestig. Indien die lesers aan *hierdie inligting vashou*, sal hulle nie deur die valse leraars verwar word nie.

1.5 Die kenmotief in die waarskuwing teen die valse leraars (2:1-22)

In die waarskuwing teen die valse leraars word die kenmotief gedra deur die woorde οἶδεν (2:9), ἄλογα (2:12), ἀγνοοῦσιν (2:12), ἡγούμενοι (2:13), ἀπάταις (2:13), ὀφθαλμούς (2:14), ἀστηρίκτους (2:14), καταλείποντες (2:15) ἐπλανήθησαν (2:15), παραφρονίαν (2:16), ἐπιγνώσει (2:20), ἐπεγνώκηναι (2:21), ἐπιγνοῦσιν (2:21) en ὑποστρέψαι (2:21).

'n Interessante verskynsel in hierdie deel van die brief is dat in 2:1-10 die aandag verskuif vanaf die lesers wat moet onthou na Christus as die Een wat inligting uit sy geheue oproep (οἶδεν). Wanneer Hy inligting uit sy geheue oproep, impliseer dit konsekwente en gepaste optrede ten opsigte van die onregverdiges, en konsekwente en gepaste optrede ten opsigte van die vromes. Die konsekwente en gepaste optrede behels dat Hy die onregverdiges straf en die vromes red uit die versoeking (vergelyk hoofstuk 8 punt 4.1).

In 2:10b-16 bring Petrus die wandade van die valse leraars direk in verband met die kenmotief.

- * Omdat die valse leraars volgens hulle drange optree, kan hulle nie redeneer nie (ἄλογα) en is hulle soos diere wat gebore is om vernietig te word.
- * Omdat hulle mense is wat nie verstaan of kan verstaan nie (ἀγνοοῦσιν), laster hulle.
- * Wanneer hulle met hulle verkeerde beskouing (ἡγούμενοι) van genot aan liefdesmaaltye deelneem, omskep hulle dit tot bedrieërye (ἀπάταις).
- * Wanneer hulle 'n vrou bemerk, verwerk hulle die inligting altyd op so 'n wyse dat hulle in haar 'n owerspelige vrou sien (ὀφθαλμούς).
- * Die valse leraars spits hulle daarop toe om mense wat oor die evangelie onseker is (ἀστηρίκτους) te verlei.

Die valse leraars het 'n verkeerde perspektief (ἐπλανήθησαν) op sake en is daarom kinders van die vervloeking. Hulle is egter so irrasioneel (παραφρονίαν) dat hulle dink dat hulle ongestraf met hulle wandade kan voortgaan (vergelyk hoofstuk 8 punt 4.2).

Petrus wys sy lesers daarop dat 'n diepgaande kennis (ἐπιγνώσει) van Jesus Christus die instrument is waardeur 'n mens die besmettinge van hierdie wêreld begin ontvlug. Hy

waarsku hulle egter dat iemand wat die kennis het (ἐπεγνωκέναι) en in weerwil daarvan weer na die besmettinge terugkeer (ὑποστρέψαι), se uiteinde erger as sy begin is. Met hierdie waarskuwing moedig Petrus sy lesers implisiet aan om nie in die diepgaande kennis van Jesus Christus te veragter nie maar daarin te groei (vergelyk hoofstuk 8 punt 4.3).

Die kenmotief figureer dus in Petrus se waarskuwing teen die valse leraars op verskillende maniere. Hy waarsku dat Christus konsekwent onthou om die onregverdiges te straf maar die vromes te red. Hy waarsku dat die valse leraars se wandade verband hou met die feit dat hulle nie kan redeneer of verstaan nie, dat hulle 'n verkeerde perspektief op sake het en op 'n irrasionele wyse dink dat hulle ongestraf met hulle wandade kan voortgaan. Hy waarsku sy lesers daarteen om nie, in weerwil van die kennis wat hulle ontvang het, weer na hulle eertydse lewe terug te keer nie.

1.6 Die kenmotief in die gedeelte oor die sekerheid van die wederkoms (3:3-16)

In die gedeelte waarin Paulus die sekerheid van die koms van die Here verkondig, gebruik hy die volgende woorde om die kenmotief na vore te bring: γινώσκοντες (3:3), λανθάνει (3:5), θέλοντας (3:5), λανθανέτω (3:8), ἡγοῦνται (3:9), προσδοκῶντας (3:12), προσδοκῶμεν (3:13), προσδοκῶντες (3:14), ἡγείσθε (3:15), σοφίαν (3:15), δυσνόητα (3:16), ἀμαθεῖς (3:16) en ἀστήρικτοι (3:16).

Petrus roep sy lesers op om kennis te dra (γινώσκοντες) dat die koms van die spotters in die laaste dae 'n vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë sal wees en dat die spotters se leefwyse in stryd sal wees met die leer van die apostels. Sy lesers moet ook kennis dra dat die spotters, soos die spotters van die Ou-Testamentiese tyd, met God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en met sy oordeel sal spot (vergelyk hoofstuk 9 punt 7.1).

Die spotters kan hulle standpunt handhaaf (θέλοντας) slegs deur bepaalde inligting buite rekening te laat (λανθάνει). Die inligting wat hulle buite rekening laat, is die feit dat God die skepping, soos Hy dit by die sondvloed met water verwoes het, weer met vuur sal verwoes. Die spotters se bewering dat daar geen oordeel sal plaasvind nie, is dus van alle waarheid ontbloot. Petrus beantwoord die spotters se spotvraag oor die koms van die Here deur daarop te wys dat God nie aan die mens se tydskedule gebonde is nie. Ook moedig Petrus die lesers aan om hierdie inligting, waarvan Psalm 90 getuig, nie te vergeet nie (μὴ λανθανέτω; vergelyk hoofstuk 9 punt 7.2).

Onder invloed van die spotters het sommige van die lesers die mening gehuldig (ἡγοῦνται) dat die Here traag is om die belofte van sy koms uit te voer. Petrus lei sy lesers daartoe om te begryp (ἡγείσθε) dat die Here sy belofte uit lankmoedigheid terughou om geleentheid vir

bekering tot saligheid te gee. Ter motivering hiervan beroep hy hom op Paulus se briewe, wat met insig (σοφία) wat van God kom, geskryf is. Die valse leraars beroep hulle ook op Paulus se briewe, maar die lesers moet hulle nie navolg nie: die valse leraars is immers nie in staat om die diepgang (δυσνόητά) van Paulus se briewe te snap nie (vergelyk ἀμαθεῖς), aangesien hulle onstabiel in hulle standpunte is (ἀστήρικτοι) en nie vashou aan dit wat God aan die apostels en die profete geopenbaar het nie (vergelyk hoofstuk 9 punte 7.3 en 7.4).

Petrus lei sy lesers daartoe om die dag van die Here te bly verwag (προσδοκῶντας). Die gelowiges verwag (προσδοκῶμεν) immers dat Christus sal kom om die oordeel oor die goddelose wêreld uit te voer en dat daar 'n nuwe hemel en aarde sal kom waarin mense volgens God se wil sal lewe. Op grond van hierdie verwagting behoort die lesers met intense inspanning 'n leefwyse na te jaag waarin hulle onberispelik en sonder vlek bevind sal word (vergelyk hoofstuk 9 punte 7.3 en 7.4).

Die kenmotief staan dus ook in die gedeelte waarin Petrus oor die sekerheid van die koms van die Here skryf, op die voorgrond. Die lesers moet noukeurig daarop let dat daar in die laaste dae mense sal kom wat God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en sy oordeel sal betwyfel en daarmee sal spot. Petrus wys aan sy lesers uit dat daar bepaalde inligting aangaande die oordeel en aangaande God se tydskeule is wat nie buite rekening gelaat mag word nie. Hy lei sy lesers tot die regte perspektief op God se lankmoedigheid en spoor hulle aan om die dag van sy koms te bly verwag.

1.7 Die kenmotief in die slot van die brief (3:17-18a)

In die slot van die brief gebruik Petrus net twee woorde om die kenmotief na vore te bring, naamlik προγινώσκοντες (3:17) en γνώσει (3:18).

Aangesien die lesers vooruit weet dat die valse leraars kom en hulle die antwoorde op die valse leraars se leer vooruit ken (προγινώσκοντες) moet hulle waak dat hulle nie hulle standvastigheid in die apostoliese leer verloor nie. Hulle moet ook sorg dra dat hulle toeneem in die begripsvermoë (γνώσει), wat hulle slegs van Christus kan ontvang. Hieruit blyk dat die kenmotief selfs in die slot van die brief 'n sentrale plek inneem.

2. Finale gevolgtrekking

Uit die bestudering van 2 Petrus is dit duidelik dat daar 'n herhaalde en betekenisvolle element; 'n semantiese eenheid met ligte variasies regdeur die brief voorkom waarna verwys kan word as die *kenmotief*. Hoewel nie altyd op dieselfde manier nie, beklee die kenmotief in bykans elke gedagte-eenheid van die brief 'n sentrale plek.

In die aanhef van die brief (1:1-2) is daar twee sentrale lyne waarin die kenmotief gevind word. Enersyds word die kenmotief gevind in die *geloofswaarhede* wat die lesers aanvaar het. Hierdie geloofswaarhede staan nie los van die lesers se leefwyse nie maar rig dit juis. Andersyds kom die kenmotief na vore as die *diepgaande kennis* van God en Jesus Christus wat 'n innige verhouding met Hulle impliseer. Diepgaande kennis is die instrument waardeur genade en vrede vir die lesers vermeerder word.

Waar Petrus aan die lesers 'n opsomming van sy leer voorhou (1:3-11), bring hy die kenmotief na vore deur aan te toon dat die *aanvaarde geloofswaarhede* wat hy aan die lesers verkondig, aan die apostels gegee is langs die weg van 'n *diepgaande kennis* van hulle Sender, Jesus Christus. Aangesien die apostels die geloofswaarhede aan die lesers deurgegee het, het die lesers in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom. Op grond hiervan moedig Petrus die lesers aan om volgens God se wil te lewe - 'n lewe wat onder meer behels dat hulle die leer met *begripsvermoë* kan toepas. By diegene wat nie volgens God se wil lewe nie is daar 'n *onvermoë om te verstaan* wat die implikasies van 'n verbondsverhouding met God is. Wanneer iemand wel volgens God se wil lewe, neem die ywer om 'n *diepgaande kennis* van Christus te besit, by hom toe en ervaar hy die kennis van Christus as 'n persoonlike verhouding met Hom.

Die sentrale plek van die kenmotief in die doel van die skrywe (1:12-15; 3:1-2) blyk uit die feit dat Petrus wil sorg dat die lesers die *kennis* (van sy leer) waaroor hulle reeds beskik, ná sy dood *uit die geheue sal oproep en opnuut voor oë sal hou*. Die uiteindelijke doel van die apostel is dat sy lesers se *ernstige denke* geestelik *opgewek* sal word sodat hulle paraat kan wees teen die valse leraars/spotters wat kom.

Waar Petrus die gesag van die apostels se leer begrond (1:16-21), bou hy steeds op die kenmotief voort. Die apostels het *inligting* aangaande die magtige (weder-)koms van Jesus Christus aan die lesers *bekend gemaak*. God het die inligting by Christus se verheerliking op die heilige berg aan die apostels geopenbaar en dit in die profesieë van die Ou Testament, wat *baie vas* is, bevestig. Die lesers sal nie deur die valse leer verwar word as hulle *noukeurige aandag* aan hierdie inligting gee nie.

Die kenmotief figureer in Petrus se waarskuwing teen die valse leraars (2:1-22) op verskillende maniere. Hy maak die kenmotief op Christus van toepassing deur die lesers te waarsku dat Christus *konsekwent onthou* om die onregverdiges te straf maar om die vromes te red. Hy bring die kenmotief ook met die valse leraars in verband: hulle pleeg allerlei wandade omdat hulle *nie kan redeneer of verstaan nie*, 'n *verkeerde perspektief op sake het* en *op irrasionele wyse dink* dat hulle ongestraf daarmee kan voortgaan. Petrus rig 'n waarskuwing tot sy lesers dat as iemand *die kennis wat hy van Jesus Christus het*, ignoreer en weer na sy ou lewe *terugkeer*, hy 'n verskriklike einde sal hê.

Ook in die gedeelte waarin hy oor die sekerheid van die koms van die Here skryf (3:3-16), stel Petrus die kenmotief op die voorgrond. Hy roep die lesers op om *noukeurig daarop te let* dat spotters in die laaste dae God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en God se oordeel sal bevraagteken. Petrus wys hulle op bepaalde inligting aangaande die oordeel en God se tydskedule wat *nie vergeet mag word nie*. Die lesers moet die *regte perspektief* op God se lankmoedigheid handhaaf en die dag van sy koms bly *verwag*.

In die slot van sy brief laat Petrus blyk dat die doel van sy geestelike nalatenskap in die kenmotief saamtrek. Sy lesers *weet nou vooruit* dat die valse leraars sal kom en hoe om op hulle valse leer te antwoord; derhalwe moet hulle waak dat hulle nie hulle innerlike standvastigheid verloor nie. Ook moet hulle toeneem in die *begripsvermoë* wat hulle slegs van Christus kan ontvang. Hieruit blyk dat die kenmotief selfs in die slot van die brief 'n sentrale plek inneem.

Samevattend kan dus gesê word dat die kenmotief in 2 Petrus daarin bestaan dat die apostel sy lesers aan hulle gemeenskaplike aanvaarde geloofswaarhede herinner sodat hulle met groter begripsvermoë hulle diepgaande kennis aangaande Jesus Christus sal handhaaf. Slegs indien die lesers hulle diepgaande kennis aangaande Jesus Christus met begripsvermoë handhaaf, sal hulle kan vasstaan teen die valse leraars wat sal kom en sal hulle in afwagting van die eskatologiese gebeure lewe volgens die wil van God. Daarom het Petrus dit nodig gevind om die kenmotief 'n sentrale plek in sy brief te laat inneem.

ABSTRACT

The motif of knowing in 2 Peter: an exegetical study

Although New Testament scholars generally acknowledge that "knowing" and "knowledge" play an important role in 2 Peter, little research has to date been done about the motif of knowing in 2 Peter. The aim of this study was to determine what the nature of the motif of knowing in 2 Peter is and what place it takes in his theology.

The method that is used is exegetical, and this is done in accordance with the grammatico-historical model within the reformational tradition. The emphasis is especially on the special canonicity (Introduction) of the epistle, the analysis of the thought structure, and the definition of the meanings for which words are used. In the analysis of the thought structure the method developed by Coetzee (1988:19-37) is followed to a large extent. The definition of meanings is done mainly in accordance with the method of componential analysis as proposed by Louw and Nida (1972:84-87; 1988i:vi-xx).

The motif of knowing occurs in 2 Peter as a clearly repeated and meaningful semantic unit. Although this is not always done in the same way, the motif has a central place in practically every thought unit in the epistle.

In the introduction of the letter (1:1-2) the motif of knowing is found in the truths of faith (πίστις) which the readers have accepted, as well as deep knowledge of God and Jesus Christ (ἐπίγνωσις).

In 1:3-11 Peter proposes a summary of his doctrine to his readers, encouraging them to apply these truths with insight and understanding (γνώσις). The ability to understand especially consists in comprehending the implications of a covenantal relationship with God.

In the purpose of the letter (1:12-15; 3:1-2) the motif of knowing has a central place. Peter writes the epistle so that his readers will be able, after his death, to evoke from memory (μνήμην ποιέσθαι) the knowledge (of his doctrine) of which they already dispose (εἰδότας). The doctrine consists of information made known (ἐγνωρίζαμεν) to them by the apostles about the powerful coming of Christ. The information is based in God's revelation in the glorification of Christ and in the Old Testament prophecies (1:16-21).

In 2:1 - 3:13, where Peter deals with the false teachers and the mockers, the motif of knowing still plays an important role. In chapter 2 he warns that false teachers will come who, as a result of a lack of insight (cf. for example ἄλογα, ἀγνοοῦσιν, παραφροσύνην) will propagate licentiousness. He offers the consolation, however, that the Lord remembers (οἶδεν) to judge

false teachers and to save the believers. He also warns them against, in spite of their knowledge (ἐπιγνώσις) of Christ, returning (ὑποστρέψαι) to their old convictions. When the false preachers mockingly question both God's involvement in history and his judgment, the readers should not forget (μὴ λανθανέτω) the knowledge which they have received about God's judgment and his time schedule. They should maintain the right perspective on God's grace and in joy wait (προσδοκῶντας) upon his advent.

Through this epistle the apostle equips his readers with the necessary knowledge to keep them strong against the inevitable onslaughts of the false teachers.